

**12 Maart**

**Die besitting wat meer werd is as enigiets anders**

**Skrifgedeelte: Handeling 3:1-10**

Al sou Petrus al die geld in die wêreld gehad het, sou hy nie so ryk gewees het as om in die Naam van Jesus Christus van Nasaret te kan optree nie. Mens sien so dikwels hoe min geld vir jou kan beteken, maar hoeveel die krag van die Naam altyd beteken. Die krag en betekenis van die Naam word in jou lewe altyd meer en meer werd, terwyl die glans van geld by die dag verdof. Maak seker dat jy die regte rykdom het!

In hierdie geval bring die Naam van Jesus Christus vir die verlamde genesing. Die apostels preek op aarde en vertel van die wonderlike verlossing wat geloof in die Naam van Jesus Christus vir mens gee. En Jesus wys dat hulle in sy Naam praat en die krag van sy Naam bedien deur uit die hemel te preek met wonders en tekens (Heb 2:4). Die hoofdoel van die wonders is dat God uit die hemel bevestig dat die apostoliese Woord van Hom kom. Daarom moet ons aan die bevestigde Woord vasgryp en nie in die eerste plek aan die wonders nie (lees Heb 2:1-4 en let veral op verse 1 en 3). As jy aan daardie Woord vasgryp, het jy verlossing – nie net van tydelike kwale en gebreke van hierdie lewe nie, maar jy het in Christus 'n geheel nuwe lewe. Hierdie feit neem hoegenaamd nie weg dat God ook in die tydelike lewe sorg, genees en gesond maak nie. Jy kan Hom maar vra.

*Ds. Chris Hattingh (Randburg)*